We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid Afrikaanse Landbou Industrie.

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

Agri SA Adjunk die nuwe Agri SETA Direksievoorsitter
AGRI SA DEPUTY THE NEW AGRI SETA CHAIRPERSON

4 April 2018

Agri SA Adjunk die nuwe Agri SETA Direksievoorsitter

Agri SA is trots om Christo van der Rheede geluk te wens as die nuwe Voorsitter en Neil Hamman as nuwe direksielid van Agri SETA direksie. Agri SETA is ‘n staatsagentskap en is verantwoordelik vir die administrasie en befondsing van opleidingsprogramme binne die landbousektor. Agri SETA se begroting vir opleiding in die 2018/19 finansiële jaar beloop R373 miljoen, wat uiteraard ‘n wesenlike hupstoot vir landbou-ontwikkeling kan wees.

Christo dien sedert Februarie 2017 op die Agri SETA direksie en het reeds in samewerking met die uittredende direksie werk gemaak om allerlei beweerde wanadministrasie in die agentskap hok te slaan. Sy agtergrond is in onderwys en opleiding en hy is tans Adjunk Uitvoerende Hoof by Agri SA waar hy vir onder meer vir transformasie binne landbou verantwoordelik is. Die aanstelling spreek tot die erkenning wat beide Christo en Agri SA as betroubare vennote binne landbou geniet.

Neil is ‘n wynboer in die Breederiviervallei-streek in die Wes-Kaap Provinsie en dien ook as Voorsitter van die Arbeid en Ontwikkelingskommittee by Agri SA.

“Ons glo dié aanstellings en samewerking tussen Agri SETA en kommersiële landbouinstellings wat bydra tot die fonds, sal die landbousektor se vertoue in dié instelling verbeter,” sê Christo van der Rheede. “My onmiddelike prioriteit is om te verseker dat fondse effektief aangewend word sodat opleidingsprogramme ‘n groot impak maak. ‘n Ander bron van kommer is dat die meerderheid landbou-kolleges nie oor genoegsame lektore met die regte kwalifikasies beskik nie. Ons sal daarom kundigheid op groot skaal moet mobiliseer om die volhoubaarheid en lewering van topklas nuwe toetreders tot die sektor oor die langtermyn te verseker.”

Agri SA, deur sy filiale en landboumaatskappye, lewer ‘n geskatte 95% van Agri SETA se jaarlikse bydraes.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Mnr Christo van der Rheede, Adjunk Uitvoerende Hoof
012 643 3427
083 380 3492

4 April 2018

AGRI SA DEPUTY THE NEW AGRI SETA CHAIRPERSON

Agri SA proudly congratulates Christo van der Rheede as the new Chairperson and Neil Hamman as new board member of the Agri SETA board. Agri SETA is a government agency responsible for the administration and funding of training programs within the agricultural sector. The budget for the 2018/19 financial year for Agri SETA is R373 million, which can clearly give a significant boost for agricultural development.

Christo has served on the Agri SETA board since February 2017 and has already, in cooperation with the outgoing board, addressed various instances of alleged maladministration within the agency. His background is in education and training and he currently serves as the Deputy Chief Executive at Agri SA where he is responsible for transformation within agriculture, among others. The appointment speaks to the recognition that both Christo and Agri SA enjoys as trustworthy partners in agriculture.

Neil is ‘n wine farmer in the Breederiviervallei-district in the Western Cape Province and also serves as Chairperson of the Labour and Development Committee at Agri SA.

“We believe these appointments and the cooperation between Agri SETA and commercial agriculture institutions that contribute to the fund, will improve the level of trust that the agricultural sector has in the institution.” said Christo van der Rheede. “My immediate priority is to ensure the effective use of funds in order for training programs to make a big impact. Another concern is that most of agricultural colleges do not have enough lecturers with the right qualifications. We will therefore have to mobilise expertise on a large scale to ensure the sustainability and provision of top class entrants to the sector over the long term.”

Agri SA, through its affiliates and agricultural companies, contributes an estimated 95% of Agri SETA’s annual contribution.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries
Mr Christo van der Rheede, Deputy Chief Executive
012 643 3427
083 380 3492

Vriendelike groete / Kind regards